

RSG en Lefra Produksies bied aan



OPPIWATER

KUNSTEFEEES



MSC
CRUISES

MSC OPERA
PROGRAM 2026

KAAPSTAD - NAMIBIË | 09 - 14 APRIL 2026

KOM KRY JOU KUNS OPPIWATER!

www.oppiwater.co.za of 011 844 6073



Mobilis Auto

Bringing excellence to Life



SCAN ME



JETOUR
— Drive Your Future —




CHANGAN


GEELY



BAIC

DFSK

JAC
MOTORS


GAC MOTOR


SUZUKI

info@mobilisauto.co.za | www.mobilisauto.co.za

18+
ONLY
SNLV



*Prooi is 'n meesleurende
teaterervaring waar die
gehoor op 'n reis geneem
word.*

PROOI / PREY

*met: Sue Diepeveen, Ignatius van Heerden, Penny Wolhuter, Ryan Rossouw
Tekst: Johann Smith, Henque Heymans Regisseur: Johan van der Merwe en Johann Smith*

Prooi/Prey is 'n meesleurende teaterervaring waarin die gehoor ervaar hoe 'n sindikaat te werk gaan. Met hul aankoms by die vertoning word die gehoor in twee groepe verdeel. Albei groepe ervaar drie stories gelyktydig op 'n roterende basis. Die werk vertel die verhaal van 'n jong meisie wat geëmigreer het en vir mensehandel geteiken word, 'n ouer seun wat vir sy organe verkoop gaan word, en die hoofleier van die sindikaat.

Leftfoot Theatre Productions en The Drama Factory span kragte saam om hierdie ervaring na gehore in Suid-Afrika te bring. Hierdie boeiende drama delf in die lewens van individue wat geraak word deur mensehandel en orgaanhandel, ontbloot die harde waarhede en ontketen noodsaaklike gesprekke. **PROOI/PREY** het sopas sewe Vryskitter-toekenningbenoemings by die Vrystaat Kunstefees ontvang en vier kategorieë gewen, insluitend Beste Produksie, Beste Regisseur en Mees Sny-op-die-rand teaterproduksie.

 **9 April 2026 @ 18:30 | 13 April 2026 @ 19:00**  **Byblos Discoteca**

 **R150.00**  **90 min**  **Teater**  **18+ | SNVL/GBV**



MY LEGENDES

FATMAN SOOS NOG NOOIT TEVORE NIE

In hierdie unieke produksie neem Fatman en sy orkes jou op 'n onvergeetlike musikale reis deur die musiek en kunstenaars wat hom geïnspireer en gevorm het tot wie hy vandag is. Tydens hierdie reis bring hy hulde aan sy helde, insluitend: Frank Sinatra, Elvis Presley, Queen, Gé Korsten, Pavarotti en nog vele meer.

My Legendes is nie net 'n vertoning nie, dit is 'n inklusiewe ervaring wat jou sal laat sing, dans, lag en beslis op die punt van jou stoel hou, terwyl Fatman staaltjies en stories vanuit sy verlede onthul. Kom ontdek saam 'n kant van hom wat nog nooit vantevore gesien of gehoor is nie.

Kom vier saam met Fatman sy grootste legendes en deel in hierdie reis van nostalgie, vreugde en bewondering.

 Donderdag, 9 April 2026  19:00  Teatro dell'Opera

 R195.00  75 min  Musiek  Almal



O MENO O POUSE

'n Kabaret vol humor, hartseer en hoop

met: Arina de Witt. Teks & lirieke: PG du Plessis

Toonsettings: Arina de Witt Regisseur: Ignatius van Heerden en Johan van der Merwe

"O meno o pouse" is 30 jaar gelede geskryf deur PG du Plessis spesiaal vir Arina de Witt. Omdat Arina op daardie stadium gevoel het sy is nog te jonk is dit nie toe opgevoer nie, en voel sy nou reg om hierdie juweel met gehore te deel. **"O meno o pouse"** is 'n intieme, humoristiese en roerende kabaret oor Bets — afgetree, alleen en vasgevang in die stiltes van wat kon gewees het. Bets het gewag. Gewag vir die liefde, vir die regte tyd, vir die vraag... en haar drome in 'n kas gesit saam met n trourok en ongestuurde briewe. Sy het gewag. Vir liefde. Vir toestemming. Vir môre. Vandag gee sy alles weg, maar gaan haal haar drome, sonder spyt. Hierdie nuwe kabaret is 'n reis deur n leeftyd van hoop – 'n storie oor hoe jy ná die "meno-pouse" dalk eers begin leef.. al is dit net n oomblik lank.

 Donderdag, 9 April 2026  22:00  Piazza di Spagna

 R150.00  80 min  Kabaret  Geen onder 13



Kom hou saam met Tollie Parton partytjie in die Disco met heerlike laataand musiek soos net Tollie Parton dit vir jou kan aanbied.

GRATIS

Kaartjies moet egter bespreek word. Slegs 200 mense word in die Disco toegelaat.

 Donderdag, 9 April 2026  22:30  Byblos Discoteca



Gratis



75min



Musiek



Almal



Any

DREAM

WILL

do

...

met
André Schwartz
en Bryan Schimmel

MY PAD MET WEBBER

Teks: André Schwartz Regisseur: Matthew Counihan
Musiekregisseur: Bryan Schimmel Musiek: Andrew Lloyd Webber

Gestroop en rou. Waar begin en eindig drome? Wat doen jy as die kleure van jou lewensjas verander? Sedert **Phantom of the Opera** is daar 'n persepsie dat André Schwartz en Andrew Lloyd Webber kuiermaats is. Die storielyn is 'n vertelling wat hierdie wisselwerking deur musiek en gesprek ontgin. Lewenslesse word deur die musiekervarings gedeel. Liedjies soos **Any Dream Will Do, Love Changes Everything, You Must Love Me, Send in the Clowns, Music of the Night, Memory en Pie Jesu** is ingesluit.

 Donderdag, 9 April 2026  22:30  Teatro dell'Opera



R175.00



85 min



Musiek



Almal



Vrou vs Vrou is saamgestel uit twintig digstories uit die digwerk van Elisabeth Eybers en Corlia Fourie. Waarom dié twee vrouedigters? Albei besit die vermoë om die kwesbaarheid van die menslike kondisie met patos, liefde en ironie te beskryf - selfs woede.

Hulle skryf oor alles onder die son, maar veral oor die liefde, die lewe en die gemis aan 'n beminde. Hulle skryf oor die daaglikse sleur, maar ook oor politiek. Hulle skryf oor die gruwel van geweld teenoor vroue, asook die ellende van depressie wat kan lei na selfmoord. Maar dan ook weer oor die allesoorheersende menslike emosie van die liefde – tussen geliefdes, asook teenoor die medemens – wat so allernoodsaaklik is in ons huidige druk van ons haastige, soms selfs hatige bestaan ...



Vrydag, 10 April 2026



08:30



Byblos Discoteca



R120.00



60 min



Poësie



Almal



Het van Verlangekraal

deur
Leon van Nierop
na die verhaal van
Johann Bekker

Het Heiberg. Die weggooikind wat Verlangekraal se naam sou verewig. Sy het dit gewaag om in opstand te kom teen 'n rigiede skoolsisteem wat geen rebelsheid of individualiteit sou duld nie. Net meneer Doep het tussen haar en die verderflike skoolhoof meneer Erlank gestaan. Hierdie geliefde en diep menslike verhaal wys vir die eerste keer Het Heiberg se kant van die saak. Wie in haar lewe saak gemaak het en wat in haar gedagtes omgegaan het. Dit vertel bowenal hoe sy oorleef het.



Vrydag, 10 April 2026



09:00



Teatro dell'Opera



R195.00



120min



Teater



Almal

SKILDER — EN WYN —

Kom maak jou eie skildery saam met Hannelie Swart en Ana van Achterbergh in hierdie eiesoortige kunsmeestersklas, met 'n lekker glasie Van Loveren wyn in die hand!



Kom maak jou eie skildery terwyl jy op die Oppiwater Kunstefees op die oseaan al ons wonderlike teaterproduksies geniet. Jou gasvrou is Hannelie Swart, 'n kunstenaar in eie reg met 'n Meestersgraad in Visuele Kunste. Sy is ook bekend vir haar kuns as heling sessies (kunstherapie) en is 'n kenner op die gebied waar die onderbewuste ontdek word vir self-verryking en selfkennis. Hierdie eiesoortige kunsmeesters-klas, met 'n lekker glasie Van Loveren wyn in die hand, gaan jou help om jou eie unieke skildery in 'n prettige en rustige atmosfeer te teken en te verf. Geen kunstalent of kunsopleiding is nodig nie, want Hannelie gaan jou stap vir stap deur die proses vat. Alle kunsmateriaal en Van Loveren wyne sal voorsien word en is ingesluit in jou fooi. Jy gaan hierdie opwindende sessie verlaat met jou eie A3 skildery. Wat 'n beter manier om Oppiwater 2026 te onthou.

Bespreek vinning want die Skilder en Wyn Oppiwater-sessie word beperk tot net 25 persone per klas. Die sessie sal drie ure neem. Van Loveren Wyne se Nasionale Verkoopsbestuurder, Jackie Stoffberg, sal 'n inleiding oor die VRL-wyne doen

 10, 11, 12, 13 April 2026  09:00  The Library and Card Room

 R750.00  180 min  Kuns  Almal



Bring vir jou
kaas, brood of 'n
soutigheid saam
van die buffet
om saam met die
wyn te geniet.

Wynproe 101

met Johan Rademan (wyne), Christo Snyman (musiek) en
ingelei deur Van Loveren Wyne se Wynand en Penny Retief.

'n Heerlike interaktiewe Wynproe deur Van Loveren Wyne met Christo Snyman (musiek), Johan Rademan (verteller) Goeie wyn, staaltjies, stories, gedigte en geliefde Afrikaanse luisterliedjies is goeie bedmaats! In **WYNPROE 101** kry gaste die geleentheid om 'n seleksie van wyne te proe. Johan Rademan(MC) is 'n meester van die woord en versny Afrikaans101 en Pinotage 101 met staaltjies en stories en verse oor wyn. Christo Snyman (sang en kitaar) neem ons op reis deur van ons bekendste musiek-en-liriek kunstenaars wat jou onwillekeurig wil laat neurie, jubel en juig.

Van Loveren Wyne bied vir ons die interaktiewe wynproe as 'n bonus aan tydens die vertoning en die wyne word wyn vir wyn ingelei deur die bekwame Wynand en Pennie Retief (Van Loveren Wyne) Die suksesvolle VLR-wyne is in die hande van die vier Retief-neefs, Hennie, Bussel, Phillip en Neil, wat hierdie suksesstorie nog verder uitbou van pa Nico en pa Wynand. Kom proe en kuier heerlik saam met Van Loveren Wyne.



10 & 13 April 2026



12:00



Byblos Discoteca



R195.00



120 min



Wynproe



18+

VRL
VAN LOVEREN

‘n Lekker PROE-DUKSIE

Lefra/Oppiwater 10% Afslag Op Alle Van Loveren Produkte
www.vanloveren.co.za | Afslagkode: Lefra





40 JAAR Richard VAN DER WESTHUIZEN

In 2025 vier ons die merkwaardige loopbaan van Richard van der Westhuizen – 'n kunstenaar wie diep spore in die Afrikaanse vermaaklikheidsbedryf laat. Vir vier dekades lank voer Richard gehore mee. Vanaf sy verhoogdebuut in Die **Van Aardes van Grootoor** in 1979, tot sy onvergeetlike vertolking van die temalied vir **Ballade vir 'n Enkeling**, het Richard 'n unieke vermoë ontwikkel om die hart van 'n storie te vertolk – of dit nou op die verhoog, voor die kamera, of agter 'n mikrofoon is.

Met bekroonde rolle in teaterproduksies, gewilde televisiereekse, rolprente, en 'n musiekloopbaan wat goue status behaal het, staan Richard as 'n toonbeeld van volgehoue toewyding en kunstenaarskap. Hy is nie net 'n verteller nie – hy is 'n bewaker van die Afrikaanse taal, 'n draer van kultuur, en 'n stem vir 'n volk se verlange en vreugde. In die produksie **Richard van der Westhuizen 40** eer ons nie net 'n loopbaan nie, maar 'n lewe van kreatiewe oorgawe.



Vrydag, 10 April 2026



12:30



Piazza di Spagna



R150.00



75 min



Sang



Almal



KREATIEWE Skryfkuns-kursus

met Hendie Grobbelaar

Hendie Grobbelaar is 'n vryskut kommunikasie- en skakelwesekonsultant, woonagtig in Gouritsmond, Wes-Kaap. In 2015 begin sy fiksie skryf en publiseer 'n paar stories in **Vrouekeur**, **LitNet** en as deel van ander saamgestelde bundels. Sy publiseer ook drie kortverhaalbundels, waarvan twee selfpublikasies was **Potskerwe (2016)** en **Striksvye (2017)**. In 2021 publiseer sy **Maskermense** deur Naledi Uitgewers. In die kreatiewe skryfwerkwinkel wys sy jou hoe om die basiese skryftegnieke soos karakterisering, spanningslyne, waarneming, storie-idees en nog baie meer op 'n prettige en kreatiewe manier baas te raak.

 10 April 2026 & 12 April 2026  13:30  The Library and Card Room

 R195.00  240 min  Skryfkuns  Almal



Coenie de Villiers en Rocco de Villiers

'n Klavier het 88 note, maar selfs twee klaviere op een verhoog is nie genoeg vir die vinnige vingers van hierdie twee Suid-Afrikaanse klavier-legendes nie. Gehore het gevra, en Rocco de Villiers en Coenie de Villiers het geluister. Dié twee Viljees span hulle formidabele kragte vir die heel eerste keer in hierdie debuut saam. Hulle word op die verhoog deur Suid-Afrika se kitaarmaestro Mauritz Lotz bygestaan. Die repertoire strek van boeremusiek tot by Bach, van die blues tot by ballades. Daar is ou treffers wat spog met vars vertolkings, nuwe komposisies wat spesifiek vir hierdie produksie geskryf is, en – wag daarvoor! Splinternuwe woordkuns uit die penne van albei kunstenaars. Hul style is uiteenlopend, maar hulle deel een groot liefde – die klavier. In die proses skep hierdie musikante 'n sonderlinge, nuwe klank. "En nee," lag Coenie. "Ontspan – ek dra nie 'n kortbroek op die verhoog nie!"



Vrydag, 10 April 2026



14:00



Teatro dell'Opera



R195.00



80 min



Musiek



Almal



DIE ONGELOOFLIKE

REGARDT LAUBSCHER

met Regardt Laubscher

Regardt Laubscher is seker een van Suid-Afrika se bekendste kulkunstenaars en towenaars. Hy tree al vir meer as twee dekades professioneel op as kulkunstenaar.

Kom geniet 'n towerproduksie met 'n mengsel van komedie en drama. Regardt spesialiseer in interaktiewe kulkuns, as mentalis en illusiekunstenaar. Kom geniet ongelooflike toertjies en hope humor met die "magic" van Regardt Laubscher.



Vrydag, 10 April 2026



16:00



Piazza di Spagna



R150.00



65 min



Kulkunstenaar



Almal



Ontmoet die *Kunstenaars*

met Frans Swart, Sue Diepeveen, Ignatius van Heerden,
Penny Wolhuter, Ryan Rossouw, Fatman, Rocco de Villiers,
Hannelie Swart, Ana van Achterbergh, Regardt
Laubscher, André, die Skreeusnaakse Hipnotiseur,
Die geselskap van ***Het van Verlangekraal***

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet.

Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, 'n fototjie te neem en saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees! Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessantheide oor die kunstenaars.



Vrydag, 10 April 2026



17:00



Byblos Discoteca



R100.00



60min



Praatjie



Almal

DINNER *For* ONE

& Sopper vir Een

met Elma Potgieter en David James
Teks: Lauri Wylie | Regie Frans Swart

*"Same procedure as
last year, Miss Sophie?"*

*"Same procedure as
every year, James!"*

Dinner For One (ook bekend as *The 90th Birthday*), wat op TV nou al 'n Oujaarstradisie is, het in Duitsland kultusfiek-status gekry nadat dit in 1963 in Hamburg verfilm is. Dié uiters snaakse roomtertkomedie speel af in 'n eeue-oue Britse herehuis, waar die laaste oorblywende lid van die familie, Miss Sophie, haar 90ste verjaardag vier. Die hele skets vind in die eetkamer plaas, met Miss Sophie aan die koppenent van die tafel, en daar is vir haar 'gaste' – wat almal al dood is – plekke gedek. Die butler, James, moet vir die gaste 'n viergang-maaltyd bedien – en daar is vir elke gang 'n drankie! Aangesien nie een van die gaste behalwe Miss Sophie in 'lewende lywe' daar is nie, dring Miss Sophie daarop aan dat James elke gas se rol moet speel (en dus al sy drankies 'namens' hom moet drink). "Same procedure as every year, James." Hoe later, hoe kwater, en James raak al hoër in die takke ... en die spanning loop al hoe hoër elke keer as James nóg 'n rondte om die tafel oorleef sonder om oor die "kop" van die tiervelmatt te val. Met 'n bonus na pouse! **Sopper vir Een**, die Suid-Afrikaanse parodie.



Vrydag, 10 April 2026



17:00



Teatro dell'Opera



R175.00



75 min



Komedie



Almal



Wynand en Chereé

met Wynand Strydom en Chereé

Na 20 jaar saam, is Wynand & Chereé een van Suid-Afrika se mees geliefde Afrikaanse sangpare. Met hul unieke harmonieë, sterk verhoogaanbieding en sielsvolle musiek, het hulle al harte regoor die land verower. Beide het suksesvolle solo-loopbane, maar dit is hul samewerking as 'n duet wat ware "magic" skep. Hul musiek, wat wissel van romantiese ballades tot energieke country-treffers, vertel stories van liefde, hoop en die lewe. Wynand & Chereé bring warmte, opregtheid en egtheid na Oppiwater!



Vrydag, 10 April 2026



19:30



Piazza di Spagna



R150.00



75 min



Sang



Almal



met Bertha le Roux-Wahl, David James, Elma Potgieter en Richard van der Westhuizen
Tekst: Peter Quilter | Vertaling en Regie: Frans Swart

Volgens die verklarende woordeboek van die Afrikaanse taal beteken "vlerksleep" om by 'n meisie aan te lê, soos wat die voëls - veral duiwe - hulle vlerke sleep om die wyfies se aandag te kry vir so 'n ietsie lekker! In regisseur Frans Swart se nuwe produksie **Vlerksleep** deur Peter Quilter, ontmoet ons vir Anton (David James) en Louise (Elma Potgieter), beide in hul laat vyftigs. En onlangs geskei. Beide is nou in die proses om te begin kyk na nuwe metgeselle deur op 'n aantal toe-oogafsprake te gaan. **Vlerksleep** volg die twee se eskapades deur 'n reeks van onverwagte, eksentrieke en wisselvallige romantiese probeerslae waar absoluut niks volgens planne verloop nie! Kom sleep vlerk saam met David James, Elma Potgieter, Richard van der Westhuizen en Bertha le Roux-Wahl.

Vlerksleep is 'n baie snaakse, vermaaklike en "tans-enkel"-komedie wat na die skreeusnaakse en mal wêreld van "blind dates" kyk. Ons almal was seker al in ons jonger dae op 'n toe-oog afspraak en weet presies hoe aaklig dit kan wees, maar dis soveel erger as jy in jou vyftigs is! Dit is so goed soos om 'n gemaklike dekstoel op die Titanic te kies! Peter Quilter vat raak met **Vlerksleep**, want hy het daarin geslaag om 'n moeilike onderwerp baie komies aan te bied.

Dit is vars en skreeusnaaks en ons almal kan op 'n manier daarmee identifiseer, want 'n toe-oog afspraak is 99% van die tyd nie baie geslaagd nie. Quilter verstaan die dilemma en met sy komiese skryftalent skep hy 'n skreesnaakse komedie wat vir baie lekker lag in die teater gaan sorg. Frans Swart het Quilter se **The Dating Game** in Afrikaans vertaal as **Vlerksleep**. Swart wat al as Suid-Afrika se klugkoning gedoop is, hanteer ook die regie. Hy sê dat hy die regie van **Vlerksleep** vreeslik geniet het. "Vir 'n verandering doen ek die regie van 'n komedie en nie 'n klug nie. Hiedie is 'n baie slim geskryfde komedie waarmee ons die pas so bietjie kan laat sak as waaraan ons gewoon is met die klugte," sê Swart.



Vrydag, 10 April 2026



22:00



Teatro dell'Opera



R195.00



135 min



Komedie



Almal



Oppiwater *ontploffing!* DEKPARTYTJIE

met Johan Rademan (RSG), Derrick Gardner (RSG),
Fran-Rico Lucas (RSG), Frans Swart (Lefra) en gasvrou, Eloise Cupido (RSG).

Die Oppiwater Kunstefees is seker die mees unieke kunstefees in die wêreld. Ons hou kunstefees dat dit bars, maar dan hou ons ook partytjie dat die biesies bewes! Met jou gashere Johan Rademan (RSG), Derrick Gardner (RSG), Fran-Rico Lucas (RSG), Frans Swart (Lefra) en gasvrou, Eloise Cupido (RSG).

Die volgende kunstenaars sal optree: Alwyn Oberholster, Andrew Roos, Coenie de Villiers, Die Broers, Fatman, Klipwerf Orkes, Louis Looek, Richard van der Westhuizen, Rocco de Villiers, Stephanie Baartman, Wynand en Cheree en vele meer. (Program onderhewig aan verandering)
Die Ontploffingsdekparytjie is gratis. Kom egter vroeg om 'n lekker plek te kry. Neem egter kennis dat geen plekke vir enigeiemand gehou mag word nie. Die aanbieding van die Ontploffingsdekparytjie is onderhewig aan die weer.



Vrydag, 10 April 2026



22:00



Dek 11



Gratis



90min



Partytjie



Almal



Die Kronieke van Buks

MET DIE MUSIEK VAN BILLY JOEL

met André Schwartz

In die stofstrate van Roux Paul blaf Buks koning. 'n Klein wit Chihuahua wat dink hy is so groot soos 'n renoster. Buks triptap van huis tot huis, hoor die skinder, die geheime, die snaaksighede en die seer. Hy word bederf met brokkies nuus en brokkies lekkernye. Buks is die toeganspoort tot die lewens van die dorpsmense. Geheime word met hom gedeel want hy is maar net die hondjie – min wetende....

Die narratief word met begelei deur die musiek van Billy Joel. Liedere soos ***Piano man, Honesty, She's always a Woman to Me en Just the way you are.***



Vrydag, 10 April 2026



22:30



Piazza di Spagna



R150.00



75 min




Musiek



Almal

Neem RSG saam met jou op reis



100 - 104FM (op jou draadloos)

Aanlyn by www.rsg.co.za

DSTV-luisterkanaal 813

Openview-kanaal: 615

Selfoon-app: soek vir **SABC News / SABC Plus**



DIS DIE EEN



my MOER

met *Derrich Gardner*



Derrich Gardner is geen onbekende in Suid-Afrika nie. Elke Saterdagoggend word ons saam met Derrich wakker in ***Brekfis met Derrich***. Saam met die vroeg uitsaai, is koffie baie belangrik vir Derrich ... goeie koffie. Derrich gaan gesels oor goeie en swak koffie en moontlik gaan ons ook nog Derrich se eie koffie, ***Derrich se Moer***, proe. Wat is dan nou lekkerder as ***Derrich se Moer*** en 'n lekker gedoopte beskuit?



Saterdag, 11 April 2026



08:00



Byblos Discoteca



R150.00



75 min



Praatjie



Almal



met Fatman (Johan Brummer), Nic Stevens

In hierdie produksie span Dik (Fatman) en Dun (Nic Stevens) saam om vir jou 'n wonderlike musiekervaring te gee. Daar is ook komiese elemente waar die twee manne na die ewige dieet kyk. Verwag treffers van beide hierdie gesoute kunstenaars soos Nic se **Toeter Skoeter** en Fatman se **Dorp Toe!**

 **Saterdag, 11 April 2026**  **09:00**  **Piazza di Spagna**

 **R150.00**  **75 min**  **Musiek**  **Almal**



met: André Schwartz, Arina de Witt, Louis Looock en Stephanie Baartman
Teks: Frans Swart | Regisseur: Frans Swart | Musiekregisseur: Chanie Jonker

Dit is meer as 25 jaar sedert die legendariese stem van Suid-Afrika se eerste ware superster, Gé Korsten, vir altyd stil geword het, en sy lewe, loopbaan en fenomenale talent word gevier in Frans Swart se huldeblykproduksie, **Gé Sing: Hoor My Lied!** Frans Swart, regisseur van **Gé Sing: Hoor My Lied** sê dit is vir hom 'n besondere groot voorreg om hulde te bring aan hierdie ikoniese sanger en kunstenaar. "As daar ooit 'n superster in Suid-Afrika was, dan was dit Gé! Ek was bevoorreg om Gé persoonlik te kon geken het, want as jong kameraman by SAUK-TV, was ek kameraman vir 'n paar seisoene van die gewilde TV-program, **Gé Sing**. Daarna het ons baie goeie vriende geword en het ek die mees ongelooflike respek vir hierdie kunstenaar ontwikkel. Hy was nie net sanger nie, maar hy was 'n mentor vir soveel mense in die bedryf. Hy was gesinsman, adminstrateur, vriend, akteur, sanger, orator, vegter vir die opera en legende!"

In die produksie **Gé Sing: Hoor My Lied** word oudiovisuele argiefmateriaal teen 'n reuse skerm geprojekteer om die gehoor 'n oorsig oor sy werk te gee, asook insigte oor Korsten as kunstenaar, mens en vader te bied. Sy musikale nalatenskap word op 'n vars manier herinterpreteer deur vier van die land se voorste kunstenaars: André Schwartz, Louis Looock, Arina de Witt en Stephanie Baartman. 'n Volle orkes, onder leiding van musiekregisseur Chanie Jonker begelei die viermanskap. Die regie en teks deur Frans Swart.

 **Saterdag, 11 April 2026**  **09:30**  **Teatro dell'Opera**

 **R195.00**  **90 min**  **Musiek**  **Almal**



Tameletjie

met Eloise Cupido

Eloise Cupido is die aanbieder van die gewilde program, **Intussen**, op RSG. Haar **Tameletjie** het sommer baie vinnig gewild geword en luisteraars kan nie wag om aan Tameletjie deel te neem nie. Nou speel ons Tameletjie op ons Kunsskippie met hierdie gewilde vasvraeprogram. Toets jou kennis en spits jou ore vir Tameletjie-klanke, maar kom ook vir die pret en lekker lag! Moontlik stap jy nog weg met 'n prys of twee! Daar wag ook 'n verrassing vir jou ... Eloise gaan haar sangtalent ten toon stel.



Saterdag, 11 April 2026



11:00



Byblos Discoteca



R120.00



75min



Praat



Almal



Die Ou Klankbaan met Rocco de Villiers

Rocco draai die kraan van nostalgie oop en vat jou op 'n reis van temamusiek, herinneringe en stories van radio en TV soos in die ou dae. Lank voordat selfone die skerm van vermaak geword het. 'n Moet vir die wat nie meer kan onthou nie, die wat wil onthou en die wat nodig het om herinner te word.

 **Saterdag, 11 April 2026**  **12:00**  **Piazza di Spagna**

 **R150.00**  **75 min**  **Musiek**  **Almal**



met Deon Groot, Early B, Jakkie Louw, Jay, Jezelle, Johan Liebenberg, Just Jack, Karlien Husselman, Ray Dylan en Willem Botha. Die wenner van die Oppikaai Sangkompetisie sal ook saam met Just Jack sing,

Die MSC Opera behoort op Saterdag, 11 April 2026 om 12:00 in Walvisbaai te land. (Alles natuurlik onderhewig aan weerstoestande). Ons het 'n lekker verrassing vir Oppiwater Feesgangers, want die Oppikaai Fees in Walvisbaai word op daardie Saterdag op die Walvisbaai Waterfront aangebied. Met jou OPPIKAAI-kaartjies, kan jy dus sommer van die MSC Opera afklim en stap na die Oppikaai Fees met wonderlike kunstenaars, musiek, stalletjies, en heerlike Namibiese kos en veral bier! Kom beleef Namibiese gasvrysheid soos jy nog nooit beleef het nie.

 Saterdag, 11 April 2026  12:00  Walvisbaai Waterfront

 R195.00  Tot laat  Musiek  Almal



met Andrè, die Skreeusnaakse Hipnotiseur

Andrè, die Skreeusnaakse Hipnotiseur, bly in 2026 net so ikonies in Suid-Afrika soos melktert en boerewors! Sedert die begin van sy loopbaan as verhooghipnotiseur in die 1990's, het Andrè sy kuns voortdurend ontwikkel om nuwe generasies gehore te boei. Wat begin het as 'n vier weke lange lopies by Johannesburg se Victory Theatre, het uitgebrei na 'n elf weke lange uitverkoopte seisoen, wat geboorte gegee het aan die geliefde Hilarious Hypnosis Show.

Vandag verkies Andrè om nie bloot as 'n verhooghipnotiseur geëtiketteer te word nie; hy identifiseer as 'n komediant wat sy vaardigheid as hipnotiseur gebruik om 'n onvergeetlike aand van lag en vermaak te lewer. Sy unieke mengsel van sielkunde, drama en droë humor skep 'n dinamiese vertoning, met 'n rolverdeling van vrywilligers wat gedurigdeur verander en lewe gee aan sy vertonings.



Saterdag, 11 April 2026



14:00



Byblos Discoteca



R150.00



90 min



Hipnose



Almal



Ontmoet die *Kunstenaars*

met Frans Swart, Kobus Visagie, Gene van Niekerk,
Edwin Bradley, Wernich Nagel, Christiaan Ras

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet.

Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, 'n fototjie te neem en saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees! Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessantheide oor die kunstenaars.

 **Saterdag, 11 April 2026**  **17:00**  **Byblos Discoteca**

 **R100.00**  **60min**  **Praatjie**  **Almal**

SEUN

met Wilhelm van der Walt

Teks: Dana Snyman, Johann Smith Regisseur: Nico Scheepers

nati

NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

Vir baie mans was die 1980's 'n dekadde soos al die ander – die van braaivleis, rugby, sonskyn en Chevrolet. Vir hulle was die lewe goed. Vir baie ander was die 1980's 'n bitter moeilike en gevaarlike tydperk. 'n Tyd van ontreddeering. 'n Tyd wat vrae gewek het. In hierdie toneelstuk word Dana Snyman se ervaringe van die 1980's uitgebeeld. Dit is die tyd van PW Botha se vinger, van die Voëlvry-toer, AWB-saamtrekke, onderhandelinge en die laaste dae van diensplig. Dana word oneervol ontslaan uit die weermag, maar eers maak hy 'n draai in Saal 24. Werkloos en doelloos eindig hy in 'n gewese bediendekamer in Pretoria. Dié rou, selfonthullende memoires vra: hoe word 'n seun 'n man? 'n Seun wat nie 'n meisie se aandag kan trek nie? 'n Seun wat nie goed genoeg is vir die weermag nie?

Hierdie is die aangrypende verhaal oor grootword tydens die doodsnikke van 'n politieke era, oor manlikheid en oor selfaanvaarding en oor hoe die liefde uiteindelik alles oorkom.



Saterdag, 11 April 2026



19:00



Teatro dell'Opera



R175.00



85 min



Teater



Geen onder 13



DIE TE *eerlike*¹⁸⁺ vriendin.

Met Tollie Parton

Ons almal het een of smag na een om te verdwyn. 'n Maat wat te eerlik altyd presies sê wat hy of sy dink. Tollie Parton is Suid-Afrika se eerlikste vriendin en sy't besluit sy wil bieë. Hierdie keer hou sy regtig nie terug nie. In haar nuwe show takel sy die bul by die baie mooi horing en vat die heilige koeie slagpale toe. Niks is van die tafel af nie. Behalwe Steve, Bobby en die kerk. Sy wil darem nog kaartjies verkoop. Jy lag, jy lag, jy lag en skielik raak alles stil. Tollie het 'n kolskoot geskiet. Kom, ons belowe, jy mag dit dalk net te veel geniet. Of nie ...

 **Saterdag, 11 April 2026**  **22:30**  **Teatro dell'Opera**

 **R150.00**  **90 min**  **Komedie**  **18+**



www.mobilisauto.co.za



Hollywood Costumes is the place where dreams and fantasies become reality. From humble beginnings we have grown to be the largest supplier of fancy dress, film and theatre costumes in the country and we will remain your number one costume and fancy-dress destination for years to come.

30 RUSTENBURG ROAD, KRUGERSDORWEST

011 660 8605 / 4250 / 084 770 4697

admin@hollywoodsa.co.za / heidi@stoompomp.com

www.hollywoodsa.co.za/www.stoompomp.com

facebook.com/hollywoodcostumes

instagram.com/hollywoodcostumes_sa

empirephotography.co.za

MAKE-UP
FX AND PROSTHETICS

BALLET AND DANCE



PROPS
AND
PARTY HIRE





In die Spore van Jesus met

Christo Snyman, Cobus Snyman, Nic Stevens
en Ds Francois Gouws se besonderse boodskap

Met Die Broers se harmonieuse vertolking van die ou Halleluja liedere en ds Francois Gouws se bindingstekste, neem hierdie produksie jou op n nostalgiese geestelike reis wat nie terug verlang na die ou dae nie, maar net weer eens 'n bevestiging is van hoe ons Skepper sy kinders deur eeue heen veilig in sy hand bewaar. Die musiek is gestroop tot slegs klavier, kitaar en baskitaar met aksent op die lirieke en woorde wat deur die jare nog net so kragtig is as die eerste dag wat ons dit gehoor het. Kom ervaar deur musiek en woord die diepte en rykdom van God in die middel van die oseaan.



Sondag, 12 April 2025



09:00



Teatro dell' Opera



R150.00



75 min



Geestelik



Almal



"Skryf 'n goeie storie. Skryf goeie, geloofwaardige dialoog. Skep geloofwaardige karakters. Dis die essensie van 'n goeie radiodrama", sê Johan Rademan, regisseur van vanjaar se RSG Radiodrama. Kom kyk en luister hoe word 'n radiodrama opgeneem. Passasiers wat die Oppiwater Kunstefees 2026 meemaak, sal die geleentheid hê om die opname by te woon en te sien presies hoe word 'n radiodrama vir die radio opgeneem. Johan Rademan is 'n bekroonde dramaregisser met 'n ongelooflike aanvoeling vir die radiodrama waar jy net stemme het om 'n storie te vertel. Kom wees deel van die "ateljee" waar radiodrama opgeneem word.



Sondag, 12 April 2025



10:00



Piazza di Spagna



R120.00



90 min



Radiodrama



Almal



Sê dit soos dit is is 'n reeks diep (en danige) alledaagse dinge wat baie komies deur Leon Gropp aangebied word met ghitaar, sang en skerp-skerts. Behalwe die lekker lag, bring Leon ook 'n paar wonderlike NP van Wyk-Louw-toonsettings na die tafel toe, om so bietjie die dieper dinge ook aan te raak.

Leon is 'n bekroonde musikant, wat spog met 'n paar internasionale toekennings. Plaaslik, het hy ook reeds 3 SAMA-toekennings ingepalm. Hy was vir 'n dekade deel van die bekroonde kitaarduo, CH2, en is ook mede-aanbieder van die televisieprogram, **Ontbytsake**.



Sondag, 12 April 2026



10:30



Byblos Discoteca



R150.00



75min



Musiek



Almal



Nic de Jager **IN MY EIE WOORDE**

met Nic de Jager en Coenie de Villiers (gesprekleier)

Musiek: Coenie de Villiers

Nic de Jager, aanbieder van die geliefde radioprogram **Nic se goed**, gesels weer oor sy ánder goed. In dié eenmalige aanbieding lig Frederik Nicolaas de Jager ná bykans 85 jaar die sluier en praat sêlf oor sy liefdes, ervarings, teleurstellings en suksesse. Hy is 'n verteller soos min en 'n stylvolle raconteur wat nie skroom om die kollig hierdie keer op homself te rig nie. Die grepe uit sy lewe is onthutsend eerlik en terselfdertyd diep roerend. Dis Nic de Jager op sy beste: eerlik, spitsvondig en wel ter tale – met 'n sak wonderlike stories op die koop toe.



Sondag, 12 April 2025



12:00



Teatro dell' Opera



R150.00



85 min



Woordkuns



Almal



DIE POMPORRELKONSERT

en ander sandveldstories met Botha Enslin

Teks: **Ferdinand Deist, Boerneef en Jan Spies**

Verwerking en Regie: **Frans Swart** Assistent-Regisseur: **Ana van Achterbergh**

Soos 'n bontspul vygies wat in 'n dorre Sandveldse landskap uitbars, so kleurryk is die mense wat hierdie streek aan ons land se Weskus hul tuiste noem.

Sommige groots soos hul omgewing, of klein en dwaas soos mense ook maar is.

Botha Enslin bring 'n keur van gewilde kontreistories, geskryf in tipiese streekstaal wat handel oor 'n unieke wêreld en sy mense, na die verhoog toe in ***Die Pomporelkonser't.***

"Daar is Oompie Paul se Groot Nood, Die Dood vannie Founmannetjie en Die Oorbesige Prekkereer wat begin: "Kyk, ek weet nou nie of jy die storie ken vannie moles wat daar die keer innie hemel gewees 't toet Petrus die duiwel wel gedagvaar 't nie... "Ons ontmoet ook vir Pensie, nurse Drientjie van Schalkwyk, Tanta Anna, sy met die wye tande en natuurlik Dirk Ligter, die nimlike hy...", sê Botha, wat in die produksie lewe gee aan meer as 30 karakters. "Botha Enslin is 'n meester van karakterisering", sê regisseur Frans Swart. "Hierdie man kan net met 'n draai en 'n beweging vir jou die volgende karakter gee. Hy is ongelooflik talentvol." Nostalgie op sy beste!



Sondag, 12 April 2026



14:00



Piazza di Spagna



R150.00



75 min



Komedie



Almal



Sê jou Sê *InTune* *Oppiwater* met Fran-Rico Lucas

InTune Oppiwater met Fran-Rico Lucas bring radio tot lewe. Spontaan, eerlik en vol skaterlag! Kom sê jou sê in die gewilde segment ***Taal op Straat***, maar hierdie keer word dit ***Taal Oppiwater*** waar mense hul gedagtes deel oor liefde, lewe en alles wat ons laat dink, lag en praat. Dis egte ***InTune***-energie – musiek, opinies, kunstenaars en gehoor saam in een onvergeetlike ervaring. Hier gebeur radio nie agter die mikrofoon nie, maar voor jou oë!

InTune Oppiwater is 'n fees van mense, stories en musiek! Dit is 'n ervaring wat jy net één keer in jou lewe beleef.



Sondag, 12 April 2025



14:00



Byblos Discoteca



R120.00




75 min



Praatjie



Almal



KOOS DOEP

met: Wynand Strydom, Chanie Jonker en Leon Gropp

Regisseur: Frans Swart

"Trek my liedjies uitmekaar uit en skryf oor hulle," het Koos du Plessis gesê, "maar los my uit... ek is 'n doodgewone ou." Koos Doep, soos hy in die volksmond bekend staan, sou in 2025 sy 80ste verjaarsdag gevier het. En tog, 'n goeie 40 jaar ná sy dood as daar gepraat word van "Koos", dan weet bykans enige persoon van wie daar gepraat word en daar is dadelik 'n klomp treffers wat by 'n mens opkom, waaronder **Sprokie vir 'n stadskind**, **Kinders van die wind**, **Gebed en As almal ver is**. Dit is die omvang van Koos du Plessis se bekendheid en sy invloed op Afrikaans en Afrikaanse musiek. Waarom dit so is, is die onderwerp van menige debat, partykeer in die lesingsale van universiteite, maar meestal in die middernagure, met 'n **Kinders van die wind of 'n Skielik is jy vry** wat iewers in die agtergrond speel. Natuurlik met 'n goeie bottel rooïwyn, Koos Doep se gunstelingdrankie.

Wynand Strydom, in samewerking met Lefra Produksies, bring hulde aan Koos du Plessis in 'n splinternuwe produksie, **Koos Doep**.



Sondag, 12 April 2026



16:00



Teatro dell'Opera



R175.00



90 min



Musiek



Almal



met Frans Swart, Elma Potgieter, David James, Bertha le Roux-Wahl, Richard van der Westhuizen, Coenie de Villiers, Nic de Jager, Wynand Strydom, Cheree Strydom, Lizelle Pike, Ignatius van Heerden, Johan van der Merwe, Lihan Pretorius

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet.

Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, 'n fototjie te neem en saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees! Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessantheide oor die kunstenaars.



Sondag, 12 April 2026



17:00



Byblos Discoteca



R100.00



60min



Praatjie



Almal



MEESTERKLAS IN SANG

met André Schwartz

Op publieke aanvraag het internasionaal bekroonde sanger André Schwartz besluit om sy kennis, tegnieke en praktiese ondervinding van 'n lewe in die teaterkollig, gedurende 'n unieke meestersklas-ondervinding te deel. Die meesterklas word aangebied voor 'n gehoor.

Berei jou voor om in te stap waar kuns en uitnemendheid ontmoet. Hierdie is nie net 'n klas nie — dit is 'n transformerende ervaring gelei deur 'n bekroonde meester van musiekteater. In-diepte ontgunning van vokale interpretasie, karakterontwikkeling en spel deur middel van sang word aangebied. 'n Sessie met Andre is soos 'n terapisessie.

Hierdie sessie sal aangebied word met bekende sangers, maar ons Feesgangers kan ook hieraan deelneem. As jy sing en graag hulp van Andre wil ontvang, stuur 'n video-opname aan info@lefra.com Slegs ses deelnemers vorm deel van hierdie meesterklas en is onderhewig aan vooraf keuring.



Sondag, 12 April 2026



18:00



Piazza di Spagna



R150.00



75 min



Sang



Almal



Klipwerf Orkes

met

Kobus Visagie, Gene van Niekerk, Edwin Bradley,
Wernich Nagel, Christiaan Ras

Wanneer laas was jy op 'n lekker tipiese Boeredans?
Kan jy die lekker skuurdanse op elke lieue plaas
onthou? Die orkes voor op die verhoog, tafels mooi
gedek, kinders slaap onder die tafels en dan is dit
BALKE TOE! Ons herleef daardie wonderlike tye met
die **Klipwerf Orkes** met 'n heerlike langarmdans. Pak
jou dansskoene in! Die **Klipwerf Orkes** hou ons
sedert 1969 aan die dans!



Sondag, 12 April 2026



20:00



Byblos Discoteca



R150.00



75 min



Musiek



Almal



GROET DIE GROTMAN 2

Teks & Regie: Frans Swart *met Phillru van Achterbergh*

Dit is vyftien jaar later. Grotman en Elize is steeds gelukkig getroud ... of is hulle? Die kinders is tieners met hul eiesoortige uitdagings. Grotman het sy rookseine verruil vir WhatsApp-boodskappe, eposse, iPhones, Facebook, Twitter en aanlynkonserter. Die verskille tussen mans en vrouens is steeds daar, want mans is steeds van Mars en vrouens van Venus. In **Groet die Grotman 2** word die verskille tussen mans en vrouens op komiese wyse uitgebeeld deur Grotman Phillru van Achterbergh.

Vrouens is steeds die gaarders (veral van nuttelose inligting!) en mans steeds die jagters (van 'n bok tot 'n televisieprogram). "Mans en vrouens lag vir mekaar in **Groet die Grotman 2** en dis juis wat hierdie produksie so gewild en sterk maak" sê skrywer en regisseur Frans Swart. "Mens kan amper sê ons doen huweliksberading op 'n komiese wyse. Die feit dat Grotman sy wêreldjie moet groter maak om by Elize se wêreld aan te pas en die feit dat Elize haar oop wêreld so bietjie nouer moet maak om by Grotman se wêreld uit te kom, sorg vir baie komiese situasies."



Sondag, 12 April 2026



21:00



Piazza di Spagna



R150.00



120 min



Komedie



(PG13) Ouerbegeleiding



Galakonsert

Regie: Frans Swart | Musiekregisseur: Chanie Jonker
met RSG se Derrich Gardner, Eloise Cupido, Fran-Rico, Lucas en Johan Rademan

met Derrich Gardner, Eloise Cupido, Fran-Rico, Lucas en Johan Rademan met die room van Suid- Afrika se kunstenaars. Alwyn Oberholster, Andre Schwartz, Arina de Witt, Bryan Schimmel, Chanie Jonker, Coenie de Villiers, Die Broers, Fatman (Johan Brummer), Leon Gropp, Louis Looock, Mauritz Lotz, Richard van der Westhuizen, Rocco de Villiers, Stephanie Baartman, Wynand Strydom

Vir twaalf jaar reeds span Lefra Produksies en RSG saam om hierdie gewilde Oppiwater Kunstefees aan te bied. Hierdie vennootskap het net van krag tot krag gegaan en om hierdie besondere vennootskap sowel as Lefra Produksies se dertig jaar in die vermaaklikheidsbedryf te vier, was dit 'n natuurlike uitvloeisel om 'n RSG Galakonsert aan te bied. Met volle orkes onder leiding van musiekregisseur, Chanie Jonker.



Sondag, 12 April 2026



22:00



Teatro dell' Opera



R225.00



90min



Konsert



Almal

SA'S MOST **flexible** airline

NOW FLYING BETWEEN
CPT - DUR - JNB

www.lift.co.za

lift



AMBASSADOR **EXECU-DRIVE** professional chauffeurs

LUXURY CHAUFFEUR EXPERIENCES

in safe hands without compromise

With over 20 years of experience in the industry, we set the gold standard for elite chauffeur services to royals, politicians, embassies, celebrities, VIPs, senior executives, and prominent families.

OUR FLEET

Our diverse vehicle fleet from VIP, luxury to economical business-class models gives our clients the flexibility of choice to meet their requirements.

PERSONAL PROTECTION OFFICERS

Our highly trained personal protection officers work in synergy with our armoured vehicles for ultimate peace of mind. We put your safety first by pre-screening your route and monitoring your transfer's progress with chaperone vehicles, two-way communication, and air support.

EXCLUSIVE AFFAIRS

We can provide a carefully selected list of entertainment, bucket-list activities, and excursion options to supplement your itinerary with unforgettable South African experiences.



Bookings: reservations@execudrive.co.za or visit execudrive.co.za

my BOETIE SE SUSSIE SE OU

Farce at it's best!
-MD Theatre Guide



Een man + Twee Vrouens = Twee Kinders
Groot Moeilikheid!

deur: Ray Cooney | Regie: Frans Swart

met Botha Enslin, Marissa Claasen, Phillru van Achterbergh,
Danielle Britz, Nico Loubser, Nikita Meyer en Stefan Lotter

In **My Boetie se Sussie se Ou** ontmoet ons weer vir John Smith (Phillru van Achterbergh), die Londense taxibestuurder wat saam met sy vrou Mary (Marissa Claasen) in Highgate woon... en ook met sy vrou Barbara (Danielle Britz) in Finchley, net vier minute uitmekaar. Vicky (Nikita Meyer), John en Mary se dogter en Gavin (Stefan Lotter), seun van John en Barbara Smith, ontmoet in 'n internetkletsamer en is angstig om in persoon te ontmoet.

Hoekom nie? Hulle het dan soveel in gemeen, insluitend 'n taxibestuurder-pa genaamd John Leonard Smith... wat natuurlik dieselfde persoon is. Wanneer John van hierdie jong internetromanse te hore kom, moet hy behoorlik bontstaan om sy "kinders" uitmekaar te hou en sy dubbelle lewe geheim te hou van sy kinders sowel as sy vrouens! John klop natuurlik by sy vriend Stanley Gardener (Botha Enslin) aan om hulp, wat skreeunsaakse leuens, verwarrende identiteite en geheimsinnige foonoproepe. En wanneer Stanley se seniele pa Dêda (Nico Loubser) opdaag vir 'n vakansie, is die gort behoorlik gaar.

 **Maandag, 13 April 2026**  **09:00**  **Teatro dell'Opera**

 **R195.00**  **135 min**  **Komedie**  **Almal**



'n Skatkis uit ons Musiek-verlede

met Stephanie Baartman
Klavier: Bryan Schimmel

Stephanie Baartman, deesdae baie bekend as Lettie in **Diepe Waters**, delf in die skatkis van ons musiek-verlede.

Kom beleef die verlede se treffer met ongelooflike nostalgie. Van Virginia Lee en Min Shaw tot by Four Jacks and a Jill, Carike Keuzenkamp, Rina Hugo en Anneli van Rooyen. Stephanie stap hierdie nostalgiese pad saam met ons met vertellings en staaltjies uit die goue era van Afrikaanse musiek. Meesterlik begelei op die klavier deur Bryan Schimmel.

 Maandag, 13 April 2026  09:30  Piazza di Spagna

 R150.00  75 min  Musiek  Almal



Klassiek ontmoet *Pop*

met Louis Loock en
Cobus Snyman

Met bekende en beminde klassieke sowel as kommersiële liedere, neem hierdie twee uitstekende kunstenaars die luisteraar op 'n sensasie van klank en musiek. Louis Loock met sy opgeleide en pragtige tenoor stem doen saam met Cobus Snyman wat self in 'n duisend stemme sing 'n produksie waar Louis bekende popliedjies aanpak uit 'n klassieke benadering en Cobus op sy beurt weer die klassieke werk omgekeerd met n ligte musiek benadering aanpak. Die "magic" gebeur as die twee saamsing en klassiek en pop musiek as in harmonie weerklink.

 Maandag, 13 April 2026  13:00  Piazza di Spagna

 R150.00  90min  Musiek  Almal



Skryf

'n Radiodrama

met: Hendie Grobbelaar



Hendie Grobbelaar is 'n vryskut kommunikasie- en skakelwesekonsultant. In 2020 debuteer sy as dramaturg met die radiodrama **Johanna se Elvis** as deel van RSG en Sanlam se Radiodrama-skryfkompetisie. Die volgende jaar verower sy die tweede plek in dieselfde kompetisie met **Sterrerereën**. Sy is deel van die Writers' Guild of South Africa en is bevoorreg om een van die WGSA Muse Award-finaliste vir Radiodrama in 2022 te wees. Na haar radiodrama-skryfwerkswinkel gaan jy wegstap met die nodige vaardighede en waagmoed om te kan inskryf vir die volgende radiodrama-skryfkompetisie. Sy gaan kyk na die beginsels van 'n goeie radiodrama en ook tegnieke oefen om jou poging 'n beter kans te bied.

 **Maandag, 13 April 2026**  **13:30**  **The Library and Card Room**

 **R150.00**  **240 min**  **Skryf**  **Almal**



met André Schwartz en Stephanie Baartman
Klavier: Bryan Schimmel

André en Stephanie gedenk twee van die wêreld se grootste kunstenaars naamlik Jacques Brel en Edith Piaf.

Die produksie is gestroop en eerlik, sonder nonsenspraatjies en geskiedenislesse. Die liriek word deurentyd ondervra en die kunstenaars bied die antwoorde soos die skrywers die stories sou vertel.

Hulle sing/vertel van liefde, die dood, oorlog, oorwinning.

Liedjies soos **Marieke, Ne Me Quitte Pa, Seasons in the Sun, Autumn leaves** en **'n legio** ander word vertolk deur die twee kunstenaars. Saartjie Botha se bindingstek is raakvat eerlik.

 Maandag, 13 April 2026  14:00  Teatro dell'Opera

 R175.00  75 min  Musiek  Almal



DUBBELSPEL

met Arina de Witt, Ignatius van Heerden
Teks: Braam van der Vyver
Regisseurs: Johan van der Merwe, Marie-Heleen Coetzee

Prof. Mara Brandt is die nuut aangestelde rektor van die Sentraal-Wes Universiteit. Sy is in haar suite in 'n boetiekhôtel besig om voor te berei vir 'n gesprek met skenkers van die universiteit, wanneer Blaise Breytenbach onverwags opdaag. Blaise is die hoof van sy eie reklame-agentskap en was Mara se minnaar toe hy haar student was. Sedertdien het hulle 'n stormagtige verhouding gehad, waartydens sy hom dikwels uit die moeilikheid gehelp het. Hierdie keer is hy egter in diep finansiële moeilikheid. Beskuldigings vlieg heen en weer en kort voor lank is afpersing op die tafel, maar Mara is nie 'n katjie wat sonder handskoene hanteer kan word nie ...

Prof Mara: "Jy's 'n loser, Blaise!"

Blaise: "Ek's nie 'n loser nie. Ek het bad luck gestrike...
en ek het verkeerde besluite geneem."

Prof Mara: "Jy't niks op jou eie bereik nie, Blaise. Dit wat op
jou miserabele CV-tjie staan het jy met my hulp bereik."



Maandag, 13 April 2026



16:00



Piazza di Spagna



R150.00



80 min



Teater



Geen onder 13



met Frans Swart, Alwyn Oberholster, Phillru van Achterbergh, Botha Enslin
Marissa Claasen, Danielle Britz, Nico Loubser, Stefan Lotter, Nikita Meyer
André Schwartz, Arina de Witt, Louis Looock, Stephanie Baartman Chanie Jonker
Bryan Schimmel, Cobus Snyman, Christo Snyman, Nic Stevens,
Johan Rademan, Eloise Cupido, Leon Gropp, Franc-Rico Lucas, Derrich Gardner

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet. Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, 'n fototjie te neem en saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees! Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessantheide oor die kunstenaars.

 **Maandag, 13 April 2026**  **17:00**  **Byblos Discoteca**

 **R100.00**  **60min**  **Praatjie**  **Almal**



Ingrid

'n Vlam in die Sneeu

met: Lizelle Pike en Chanie Jonker

"Bitterbessie Dagbreek, Bitterbessie Son... 'n Spieël het gebreek tussen my en hom." Ingrid Jonker se woorde brand soos 'n vlam in die koue sneeu van haar tyd—onblusbaar, ongetem, en vol lewe. **'n**

Vlam in die Sneeu neem jou op 'n reis deur die geheime en ongesensuurde liefdesbriewe van Ingrid en André P. Brink, en weef hul passie, verlange, en hartseer saam met Ingrid se onsterflike poësie.

Hierdie musiek- en toneelproduksie is 'n viering van Ingrid se hart en gees—'n vrou wie se woorde die wêreld getroos het (en steeds doen), selfs al het haar eie hart gebreek. In haar reis het sy ook haar eie donkerte in die gesig gestaar—die stryd teen depressie (nes haar ma), wat haar lewe gekompliseer het, maar haar kuns verryk het.

Oorspronklike nuwe musiek omhels haar bekende gedigte uit die digbundel **Rook en Oker**, sodat elke lied 'n briesie word wat deur jou siel beweeg. Kom beleef haar soeke na liefde, haar stryd na ontvlugting, en die roekelose hoop wat haar vlam helder laat brand het in die koudste van dae. **Ingrid - 'n Vlam in die Sneeu** is 'n herinnering dat woorde en liefde selfs in die kaalste landskappe kan oorleef. Hierdie produksie, deurweef met musiek en poësie, sal jou hart aanraak en jou siel verwarm.



Maandag, 13 April 2026



18:30



Teatro dell'Opera



R150.00



75 min



Teater



Almal

WS Pianos

Service beyond,
the sale



- Tuning
- Repairing
- Selling Pianos
- Transporting
- Valuations for Insurance
- Concert Grand Piano & Piano Tuner
- Quotation

Book your service NOW!

☎ 082 780 5632 | ✉ werner@wspianos.co.za

🌐 www.wspianos.co.za | 📱 WS Pianos | 🌐 Werner Wilfried Stolze



20%
LEFRA
AFSLAG

BEPLAN JY OM TE TREK?

Dan is Britz Couriers and Removals die antwoord. Ons is die trotse vervoerborg van Lefra Produksies wat teater regoor die land na JOU toe bring **Kry nou 'n kwotasie van Britz Couriers and Removals en kry 20% Lefra-afslag**. Ons diens die Oos-Kaap, Gauteng, KwaZulu-Natal, Wes-Kaap en vele ander dorpe en stede in Suid-Afrika. Britz Couriers kan ook jou kosbare besittings baie versigtig en professioneel verpak om jou trek so gemaklik as moontlik te maak.

Kontak ons nou op (011) 815 3000 of epos ons britz@lefra.com om jou 20% Lefra afslag te kry.



Die Musiek van

Bles Bridges

met Christo Snyman, Cobus Snyman, Fatman (Johann Brummer)
Louis Looock, Nic Stevens (Die Broers)

Bles Bridges is op 22 Julie 1946 in Viljoensdrift in die Vrystaat gebore. Hy was een van Suid-Afrika se mees geliefde kunstenaars wat meer as drie miljoen plate, kassette en CD's verkoop het. Hy het bekendheid verwerf met treffer soos *Maggie*, *Reik na die sterre*, *I'm the eagle*, *You are the wind* en natuurlik *Ruiter van die windjie*. Bles was die enigste Nasionale of Internasionale Kunstenaar wat die Superbowl by Sun City vir vyf aande kon uitverkoop met meer as 40 000 mense wat die konserte bygewoon het. Bles is op 24 Maart 2000 in die ouderdom van 54 in 'n motorongeluk naby Bloemhof oorlede nadat hy van 'n vertonings af terug gery het. Christo en Cobus het Bles se voorprogram vir twee jaar aangebied. In hierdie produksie bring Christo Snyman, Nic Stevens, Cobus Snyman, Louis Looock en Fatman (Johan Brummer) hulde aan die ikoniese sanger en superstar, Bles Bridges.

 **Maandag, 13 April 2026**  **22:0**  **Teatro dell'Opera**

 **R195.00**  **75 min**  **Musiek**  **Almal**



Alwyn Oberholster is 'n gunsteling in die Afrikaanse musiekbedryf. Alwyn is gewild en bekend onder gehore vir sy briljante vertolking van die ouer treffers deur sangers soos Billy Joel, Neil Diamond, Allen Jackson, die Staccatos, die Bee Gees en vele meer. Alwyn kuier saam op die Oppiwater Kunstefees met sy vertoning, **Goue Oues**. Maar wat maak 'n treffer tydloos? Wat maak van 'n liedjie 'n goue oue? Goue Oues is daardie liedjies wat in jou herinneringe weerklink, sê Alwyn. "As jy die liedjie hoor, neem dit jou skielik terug na die verlede en al die herinneringe wat daarmee gepaard gaan. Goeie herinneringe. Jou eerste soen, jou eerste en afspraak goue herinneringe". Elke generasie het sy goue oues, en tydlose treffers sal aanhou floreer namate nuwe geslagte ouer wysies ontdek van die tyd toe hul ouers en / of grootouers grootgeword het. "Dit anker jou", sê Alwyn. Met die nuwe tegnologie kan die kinders van vandag ouer, tydlose treffers op hul fone ontdek en aflaai, en verseker dat die goue oues altyd tydloos sal bly.



Maandag, 13 April 2026



22:30



Piazza di Spagna



R150.00



75min



Musiek



Almal